**CONSTITUTIONAL COURT OF SOUTH AFRICA**

Case CCT 135/20

In the matter between:

| | |
|---|---|
| **CHAIRPERSON OF THE COUNCIL OF THE UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA** | First Applicant |
| **CHAIRPERSON OF THE SENATE OF THE UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA** | Second Applicant |
| **UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA** | Third Applicant |
| and | |
| **AFRIFORUM NPC** | Respondent |

**Neutral citation:** *Chairperson of the Council of UNISA v AfriForum NPC* [2021] ZACC 32

**Coram:** Khampepe ADCJ, Jafta J, Madlanga J, Majiedt J, Mhlantla J, Pillay AJ, Theron J, Tlaletsi AJ and Tshiqi J

**Judgment:** Majiedt J (unanimous)

**Heard on:** 20 May 2021

**Decided on:** 22 September 2021

**Summary:** University language policy — phasing out of Afrikaans as a language of teaching and learning — limitation of section 29(2) of the Constitution — justification required

**ORDER/BEVEL**

On appeal from the Supreme Court of Appeal (hearing an appeal from the High Court of South Africa, Gauteng Division, Pretoria):

1. Leave to appeal is granted.
2. Save as set out below, the appeal is dismissed.
3. The order of the Supreme Court of Appeal is suspended until the commencement of the University of South Africa's 2023 academic year.
4. In the event that the University of South Africa decides to continue with the language policy adopted in 2016, the requirements of section 29(2) of the Constitution must be complied with.
5. If, by the commencement of the 2023 academic year, the University of South Africa decides to adopt an entirely new language policy, the order of the Supreme Court of Appeal, save for the costs order, will fall away.

Op appèl vanaf die Hoogste Hof van Appèl (vir die aanhoor van 'n appèl vanaf die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng Afdeling, Pretoria):

1. Verlof tot appèl word toegestaan.
2. Behalwe soos hieronder uiteengesit, word die appèl van die hand gewys.
3. Die bevel van die Hoogste Hof van Appèl word opgeskort tot die aanvang van die Universiteit van Suid-Afrika se 2023 akademiese jaar.
4. Indien die Universiteit van Suid-Afrika besluit om voort te gaan met die taalbeleid wat in 2016 aanvaar is, moet die vereistes van artikel 29(2) van die Grondwet nagekom word.
5. Indien, teen die aanvang van die 2023 akademiese jaar, die Universiteit van Suid-Afrika besluit om 'n heeltemal nuwe taalbeleid te aanvaar, sal die bevel van die Hoogste Hof van

6. The University of South Africa must pay AfriForum's costs in this Court, including the costs of two counsel.

Appèl, behalwe vir sy kostebevel, wegval.

6. Die Universiteit van Suid-Afrika moet AfriForum se koste in hierdie Hof betaal, insluitende die koste van twee advokate.

---

**JUDGMENT/UITSPRAAK**

---

MAJIEDT J (unanimous):

*Introduction*

[1] CJ Langenhoven, the celebrated Afrikaans writer and a fierce activist for the language, described Afrikaans as "our highest honour, our greatest possession, the one and only white man's language which was made in South Africa".[1] But another acclaimed Afrikaans writer of more recent times, Jan Rabie, tellingly observed that "we distort history when we present Afrikaans today as increasingly 'whiter' than it really

MAJIEDT R (eenparig):

*Inleiding*

[1] CJ Langenhoven, die gevierde Afrikaanse skrywer en vurige kampvegter van die taal, het Afrikaans beskryf as "ons hoogste eer, ons grootste besitting, die een en enigste witmans-taal wat in Suid-Afrika geskep is".[1] Maar 'n ander hoogs aangeskrewe Arikaanse skrywer van meer onlangse tye, Jan Rabie, het treffend opgemerk dat "ons die geskiedenis verwring wanneer ons Afrikaans vandag voorhou as

[1] Cited by Giliomee *The Afrikaners: Biography of a People* (Tafelberg Publishers Limited, Cape Town 2003) (Giliomee I) at 369. CJ Langenhoven lived between 1873 and 1932, and is acknowledged as having been staunchly conservative in his outlook. He is perhaps best known for authoring the lyrics of apartheid South Africa's national anthem, "Die Stem van Suid-Afrika".

[1] Aangehaal deur Giliomee *The Afrikaners: Biography of a People* (Tafelberg Uitgewers Beperk, Kaapstad 2003) (Giliomee I) op 369. CJ Langenhoven het tussen 1873 en 1932 geleef en hy word alom beskou as iemand met 'n stoere konserwatiewe lewensuitkyk. Hy is seker meeste bekend as skrywer van die lirieke van die volkslied van apartheid Suid-Afrika,"Die Stem van Suid-Afrika".

is so that it fits our ideology of increasing separation".[2] And a giant of Afrikaans literature, Breyten Breytenbach, said in an affidavit in *Gelyke Kanse*:

> "Afrikaans is the living and changing and change-making outcome of diverging and at times conflicting histories. These diverse origins characterised by adaptation, conquest, subjugation, oppression, survival, resistance, transformation – descended from European dialects, Malay, Portuguese, seafarer language, Khoi languages, Arabic Afrikaans, the Qur'an and the Bible, the courts and churches and kitchens and hospitals and vineyards and factories of our country – have made Afrikaans a unique hybridisation that finds unity as a Creole language which is the verbalisation of the complex world in which we move."[3]

[2] Rabie *Polemika* (John Malherbe (Pty) Limited, Cape Town 1966) at 106. Jan Rabie is recognised as a liberal Afrikaans writer of the 1960s and 1970s. He was born in 1920 and passed away in 2001.

[3] Breytenbach's supporting and expert affidavit at para 8, as cited in *Gelyke Kanse v Chairperson, Senate of the University of Stellenbosch* [2019] ZACC 38; 2020 (1) SA 368 (CC); 2019 (12) BCLR 1479 (CC) at para 87. Breytenbach was born in 1939 and is known for his fierce opposition to apartheid, having been imprisoned by that regime from 1975 to 1982 on terrorism charges. The translation from the original Afrikaans is by Froneman J in his separate concurrence in *Gelyke Kanse*.

toenemend 'witter' as wat dit werklik is ten einde ons ideologie van toenemende apartheid te pas".[2] En 'n reus van Afrikaanse literatuur, Breyten Breytenbach, het in 'n eedsverklaring in *Gelyke Kanse* verklaar:

> "Afrikaans is the living and changing and change-making outcome of diverging and at times conflicting histories. These diverse origins characterised by adaptation, conquest, subjugation, oppression, survival, resistance, transformation – descended from European dialects, Malay, Portuguese, seafarer language, Khoi languages, Arabic Afrikaans, the Qur'an and the Bible, the courts and churches and kitchens and hospitals and vineyards and factories of our country – have made Afrikaans a unique hybridisation that finds unity as a Creole language which is the verbalisation of the complex world in which we move."[3]

[2] Rabie *Polemika* (John Malherbe (Edms) Beperk, Kaapstad 1966) op 106. Jan Rabie word beskou as 'n liberale Afrikaanse skrywer van die 1960s en 1970s. Hy was in 1920 gebore en is oorlede in 2001.

[3] Breytenbach se ondersteunende en deskundige eedsverklaring in para 8, soos aangehaal in *Gelyke Kanse v Chairperson of the Senate of the University of Stellenbosch* [2019] ZACC 38; 2020 (1) SA 368 (CC); 2019 (12) BCLR 1479 (CC), in para 87. Breytenbach was in 1939 gebore en is bekend vir sy hewige teenstand teen apartheid, waarvoor hy van 1975 tot 1982 tronkstraf uitgedien het, nadat hy deur die apartheid regime gevonnis is op aanklagte van terrorisme. Die vertaling vanaf die oorspronklike Afrikaans is deur Froneman R in sy aparte samestemmende uitspraak in *Gelyke Kanse*.

[2] This stark contrast between three white Afrikaans writers of different eras and outlooks bears testimony to the troubled, warped discourse around Afrikaans. Today, "the majority of Afrikaans speakers are black, and it is spoken as a first language by people from multiple ethnic and social backgrounds".[4]

[3] This case concerns a decision to discontinue Afrikaans as a language of teaching and learning at South Africa's largest university. It is the latest in a trilogy of cases relating to policy decisions by universities to remove Afrikaans as a medium of teaching and learning. In the first, *University of the Free State*,[5] this Court had to decide "whether that university acted consistently with its obligations in terms of section 29(2) of the Constitution in adopting

[2] Hierdie skerp kontras tussen drie wit Afrikaanse skrywers van verskillende tydvakke en uitkyke, is tekenend van die troebel, verwronge diskoers aangaande Afrikaans. Vandag is "die meerderheid van Afrikaanssprekendes swart, en die taal word as eerste taal gebesig deur mense van veelvuldige etniese en maatskaplike agtergronde".[4]

[3] Hierdie saak handel oor die besluit deur Suid-Afrika se grootste universiteit om die onderrig en leer in Afrikaans te staak. Dit is die nuutste in 'n trilogie van sake wat verband hou met beleidsbesluite deur universiteite om Afrikaans as medium van onderrig en leer te verwyder. In die eerste een, *University of the Free State*,[5] moes hierdie Hof beslis "of daardie universiteit

[4] Willemse "The Afrikaans Cultural Expressions of the Powerless and Subjugated" in George (ed) *A Companion to African Literatures* (John Wiley & Sons Limited, Hoboken 2021) (Willemse I) at 252. See also Willemse *The Hidden Histories of Afrikaans* (9 October 2015), available at http://www.up.ac.za/media/shared/45/willemse_mistra-20151105-2_2.zp80127.pdf (Willemse II), where he states:

> "Today six in ten of the almost seven million Afrikaans speakers in South Africa are estimated to be black (in the generic sense of the word), a figure that will by all indications increase significantly in the next decade."

[5] *AfriForum v University of the Free State* [2017] ZACC 48; 2018 (2) SA 185 (CC); 2018 (4) BCLR 387 (CC) (*University of the Free State*).

[4] Willemse "*The Afrikaans Cultural Expressions of the Powerless and Subjugated*" George (uitg) *A Companion to African Literatures* (John Wiley & Sons Limited, Hoboken 2021) (Willemse I) op 252. Sien ook: Willemse: *The Hidden Histories of Afrikaans* (9 Oktober 2015), beskikbaar by http://www.up.ac.za/media/shared/45/willemse_mistra-20151105-2_2.zp80127.pdf (Willemse II), waar hy aandui dat:

> "Today six in ten of the almost seven million Afrikaans speakers in South Africa are estimated to be black (in the generic sense of the word), a figure that will by all indications increase significantly in the next decade."

[5] *AfriForum v University of the Free State* [2017] ZACC 48; 2018 (2) SA 185 (CC); 2018 (4) BCLR 387 (CC) (*University of the Free State*).

a policy that phases out Afrikaans as a co-equal medium of instruction with English”.[6] Next, in *Gelyke Kanse*,[7] the central issue was whether Stellenbosch University’s 2016 language policy that created three language specifications – parallel, dual and single medium, thereby removing the previous dominance of Afrikaans – was an infringement of the right of Afrikaans students to mother tongue education. And now, in this matter, this Court is asked to determine whether the decision to adopt a new language policy in 2016 by the third applicant, the University of South Africa (UNISA): (a) passes constitutional muster; (b) was rational; and (c) complied with procedural prescripts. This new language policy aimed to enhance the status of indigenous African languages, while also phasing out Afrikaans and removing the guarantee that courses be offered in both Afrikaans and English.

[4] This Court’s decisions in *Gelyke Kanse* and *University of the Free State* do not signal an acceptance that the Afrikaans language must ineluctably be diminished as a language of teaching and learning in our

[6] Id at para 22.

[7] *Gelyke Kanse* above n 3 at paras 1-6.

konsekwent opgetree het met sy verpligtinge ingevolge artikel 29(2) van die Grondwet, deur ’n beleid te aanvaar wat Afrikaans uitfaseer as ’n gelyke onderrig medium met Engels”.[6] Daarna, in *Gelyke Kanse,*[7] was die kernvraag of die Universiteit van Stellenbosch se 2016 taalbeleid wat drie taal spesifikasies vestig – parallel, dubbel medium en enkel medium, en sodoende wegdoen met Afrikaans se oorheersendheid – inbreuk maak op Afrikaanssprekende studente se reg op moedertaal onderrig. En nou, in hierdie saak, word hierdie Hof versoek om te bepaal of die besluit geneem in 2016 deur die derde applikant, die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), om ’n nuwe taalbeleid te aanvaar ten einde die status van inheemse tale te bevorder, en terselfdertyd Afrikaans uitfaseer en wegdoen met die waarborg dat kursusse in beide Afrikaans en Engels aangebied sal word, (a) grondwetlik; (b) rasioneel was; en (c) of die prosedurele voorskrifte nagevolg was.

[4] Hierdie Hof se beslissings in *Gelyke Kanse* en *University of the Free State* is glad nie aanduidend van ’n aanvaarding dat Afrikaans onafwendbaar afgeskaal moet

[6] Id in para 22.

[7] *Gelyke Kanse* n 3 hierbo in paragrawe 1-6.

country's institutions of higher education. Apart from the fact that each case must be decided on its facts, the role of Afrikaans in our institutions and civic life cannot be reduced to a simplistic narrative of hegemony and decline. We must resist such simplistic narratives, many of which feed on false myths about the origins and development of the Afrikaans language.

[5] With this in mind, before dealing with the present challenge to UNISA's revised language policy, the true origins and development of Afrikaans bear consideration. This is necessary to correct the false narrative concerning its origins, development and present position in our society.

*Afrikaans in proper perspective*

[6] Chinua Achebe reminded us that "until the lions have their own historians, the history of the hunt will always glorify the hunter".[8] And so it is too with the history of the origins and development of the Afrikaans language.

word as 'n taal van onderrig en leer in ons land se hoër onderwysinstellings nie. Buiten die beginsel dat elke saak op sy eie feite beoordeel moet word, kan Afrikaans se rol in ons instellings en gemeenskapslewe nie bloot verminder word tot 'n vereenvoudigde weergawe van oorheersing en agteruitgang nie. Ons moet waak teen sulke vereenvoudigde weergawes, baie waarvan ontaard uit valse mites aangaande die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse taal.

[5] Op hierdie grondslag, alvorens oorweging geskenk word aan die onderhawige aanslag teen UNISA se gewysigde taalbeleid, verg die ware oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans eers betragting van naderby, ten einde die onegte weergawe van die taal se oorsprong, ontwikkeling en heersende plek in ons samelewing by te lê en reg te stel.

*Afrikaans in behoorlike perspektief*

[6] Chinua Achebe het ons herinner dat "totdat die leeus hulle eie geskiedenis skrywers het, sal die geskiedenis van die jag

[8] Chinua Achebe was a celebrated Nigerian poet, writer and academic, the author of *Things Fall Apart*, generally considered to be the most widely read book in modern African literature. See Brooks "Chinua Achebe, The Art of Fiction No. 139" (1994) 133 *The Paris Review.*

[8] Chinua Achebe was 'n gesogte Nigeriese digter, skrywer en akademikus, die skrywer van "Things Fall Apart", wat algemeen beskou word as die boek wat die meeste gelees is in moderne Afrika literatuur. Sien Brooks "Chinua Achebe, The Art of Fiction No. 139" (1994) 133 *The Paris Review.*

[7] Afrikaans is a creole language that developed during the 19th century under colonialism in South Africa.[9] It is a language that was once spoken by "peasants, the urban proletariat, whatever their ethnic background, and even the middle class of civil servants, traders and teachers".[10]

[8] Afrikaans is a veritable potpourri of different languages, melded into what has been referred to in this Court as "one of the cultural treasures of South African national life, widely spoken and deeply implanted, the vehicle of outstanding literature, the bearer of a rich scientific and legal vocabulary and possibly the most creole or 'rainbow' of all South African tongues".[11] A great injustice is being done to Afrikaans through the contorted hegemonic white history[12] that has been "inculcated by

altyd die jagter vereer".[8] En so is dit ook met die geskiedenis van die oorsprong en ontwikkeling van die Afrikaanse taal.

[7] Afrikaans is 'n kreoolse taal wat ontwikkel het gedurende die 19e eeu onder kolonialisme in Suidelike Afrika.[9] Dit is 'n taal wat destyds gepraat is deur eenvoudige grondbewoners, die stedelike werkersklas en selfs middelklas staatsamptenare, handelaars en onderwysers.[10]

[8] Afrikaans is 'n klassieke mengelmoes van verskillende tale, saamgesmelt tot, waarna daar in hierdie Hof verwys is as, "een van die kulturele skatte van Suid-Afrikaanse nasionale bestaan, wat wyd gebesig word en diep gesetel is, die medium van uitnemende literatuur, die draer van 'n ryk wetenskaplike en regs-woordeskat en moontlik die mees

---

[9] Giliomee "The Rise and Possible Demise of Afrikaans as Public Language" (2004) *Nationalism and Ethnic Politics* 25 (Giliomee II) at 25-7.

[10] Willemse II above n 4 at 3-4.

[11] Per Sachs J in *Gauteng Provincial Legislature: In re Gauteng School Education Bill of 1995* [1996] ZACC 4; 1996 (3) SA 165 (CC); 1996 (4) BCLR 537 (CC) (*Gauteng Provincial Legislature*) at para 49.

[12] Van der Waal "Creolisation and Purity: Afrikaans Language Politics in Post-Apartheid Times" (2012) *African Studies* 71 446 (Van der Waal) at 449 and 456. See also Giliomee II above n 9 at 27; Van Heerden *Afrikaaps: A Celebratory Protest Against the Racialised Hegemony of "Pure" Afrikaans* (Master's thesis, Stellenbosch University, 2016) (Van Heerden) at 1, 24, 33, 35, 88-9. Van der Waal states that the creole origin of Afrikaans is contested. Many linguists minimised the influence of

[9] Giliomee "The rise and possible demise of Afrikaans as public language" (2004) *Nationalism and Ethnic Politics* 25 (Giliomee II) op 26-7.

[10] Willemse II n 4 hierbo op 3-4.

[11] Per Sachs R in *Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995* [1996] ZACC 4; 1996 (3) SA 165 (CC); 1996 (4) BCLR 537 (CC) (*Gauteng Provincial Legislature*) in para 49.

[12] Van der Waal "Creolisation and Purity: Afrikaans Language Politics in Post-Apartheid Times" *African Studies* 71 446 (Van der Waal) op 449 en 456; sien ook Giliomee n 9 hierbo op 27; Van Heerden *Afrikaaps: a celebratory protest against the racialised hegemony of 'pure' Afrikaans* (Meesters tesis, Universiteit van Stellenbosch, 2016) (Van Heerden) op 1, 24, 33, 35, 88-9. Van der Waal verklaar dat die kreoolse oorsprong van Afrikaans betwis word. Verskeie taalkundiges het bruin

Afrikaner Christian national education, propaganda and the media"[13] and shamefully overlooks its equally important black history.[14]

[9] During the era of Afrikaner nationalism,[15] a time when the language was used as a weapon for ethnic mobilisation, Afrikaans became a cultural symbol of "Afrikanerness" and national unity.[16] Afrikaans was deployed "to secure power in

kreoolse of 'reënboog' van alle Suid-Afrikaanse tale".[11] ''n Groot onreg word Afrikaans aangedoen deur die verwronge oorheersende wit geskiedenis[12] wat "ingeburger is deur Afrikaner Christelike nasionale onderwys, propaganda en die media"[13] en wat skaamteloos Afrikaans se ewe belangrike swart geskiedenis misken.[14]

---

people of colour on Afrikaans and Giliomee describes the contested existence of Afrikaans (what I refer to as "white" history) as follows (Giliomee II above n 9):

> "Afrikaans was, in its essence, a dialect of Dutch that had over time undergone a limited measure of creolisation or deviation from the basic Dutch structure."

[13] Willemse II above n 4 at 1.

[14] I refer to the creolisation theory of Afrikaans as the "black" history of the language, which includes the stories of all people of colour that are side-lined from the dominant discourse. See Groenewald *Slawe, Khoekhoen en Nederlandse Pidgins aan die Kaap, CA. 1590-1720: 'n Kritiese Ondersoek na die Sosiohistoriese Grondslae van die Konvergensieteorie oor die Ontstaan van Afrikaans* (Master's thesis, University of Cape Town, 2002) at 42-3; Van der Waal above n 12 at 449; Willemse II above n 4 at 3-4; Conradie and Groenewald "Die Ontstaan en Vestiging van Afrikaans" in Carstens and Bosman *Die Ontstaan en Vestiging van Afrikaans* (Van Schaik, Pretoria 2014) (Conradie and Groenewald) at 28; Roberge "The formation of Afrikaans" *Stellenbosch Papers in Linguistics* 27 at 34-5.

[15] The era of Afrikaner nationalism arose towards the end of the 19th century (Giliomee II above n 9 at 30).

[16] Ponelis *The development of Afrikaans* (Peter Lang, New York 1993) at 52-3 and Van Heerden above n 12 at 22, citing Pokpas and Van Gensen "Afrikaans en Ideologie in Taalbeplanning: 'n Stryd van Standpunte" in Webb *Afrikaans ná apartheid* (Van Schaik, Pretoria 1992) (Pokpas and Van Gensen) at 170-1.

mense se invloed op Afrikaans tot 'n minimum beperk en Giliomee beskryf die betwiste bestaan van Afrikaans (wat ek die "wit" geskiedenis noem) soos volg (Giliomee II n 9 hierbo):

> "Afrikaans was, in its essence, a dialect of Dutch that had over time undergone a limited measure of creolisation or deviation from the basic Dutch structure."

[13] Willemse II n 4 hierbo op 1.

[14] Ek verwys na die kreoliseringsteorie van Afrikaans as die "swart" geskiedenis, wat die stories van alle mense van kleur wat opsy gestoot is vanaf die oorheersende diskoers insluit. Sien Groenewald *Slawe, Khoekhoen en Nederlandse Pidgins aan die Kaap, CA. 1590-1720: 'n Kritiese ondersoek na die Sosiohistoriese Grondslae van die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans* (Meesters tesis, Universiteit van Kaapstad, 2002) op 42-3; Van der Waal n 12 hierbo op 449; Willemse II n 4 hierbo op 3-4; Conradie and Groenewald "Die ontstaan en vestiging van Afrikaans" in Carstens en Bosman *Die Ontstaan en Vestiging van Afrikaans* (Van Schaik, Pretoria 2014) (Conradie and Groenewald) op 28; en Roberge "The formation of Afrikaans" *Stellenbosch Papers in Linguistics* 27 op 34-5.

[15] Die era van Afrikaner nasionalisme het teen die einde van die 19de eeu ontstaan. (Giliomee II n 9 hierbo op 30).

[16] Ponelis *The development of Afrikaans* (Peter Lang, New York 1993) op 52-3 en Van Heerden n 12 hierbo op 22 met verwysing na Pokpas en Van Gensen "Afrikaans en Ideologie in Taalbeplanning: 'n Stryd van Standpunte" in Webb *Afrikaans ná apartheid* (Van Schaik, Pretoria 1992) (Pokpas en Van Gensen) op 170-1.

the hands of an exclusive group" and became associated with the "marginalisation" and "exclusion" of "uncivilised" Afrikaans speakers.[17]

[10] There is a compelling argument that "the endeavour to establish Afrikaans as 'white' laid the foundation for 'racist nationalism, the rise of Afrikaner hegemony, and the politics of apartheid'".[18] As Willemse explains:

> "In the course of the 20th century, Afrikaner nationalism claimed proprietorship of Afrikaans, the first language of persons from divergent backgrounds, to such an extent that a discussion of it also becomes a discussion about the exclusion of a significant percentage of Afrikaans speakers. . . . Historically, [Afrikaans, as a body of knowledge,] bears the traces of conscious disregard and even continued suppression of a

[9] Gedurende die tydvak van Afrikaner nasionalisme,[15] 'n tyd toe die taal gebruik is as 'n wapentuig vir etniese mobilisering, het Afrikaans 'n kulturele simbool van "Afrikanerskap" en nasionale eenheid geword.[16] Afrikaans was aangewend "om mag te vestig in die hande van 'n eksklusiewe groep" en was vereenselwig met die "marginalisering" en "uitsluiting" van "onbeskaafde" Afrikaans-sprekendes.[17]

[10] Daar is 'n oorredende betoog dat die strewe na "die vestiging van Afrikaans as 'wit' die grondslag daarstel vir 'rassistiese nasionalisme, die toename van Afrikaner oorheersing, en die politiek van apartheid'".[18] Soos Willemse verduidelik:

> "In the course of the 20th century, Afrikaner nationalism claimed proprietorship of Afrikaans, the first language of persons from divergent backgrounds, to such an extent that a discussion of it also becomes a discussion about the exclusion of a significant percentage of Afrikaans

[17] Pokpas and Van Gensen id at 171. What is meant by "uncivilised" Afrikaans speakers is black Afrikaans speakers.

[18] Van Heerden above n 12 at 23 referring to Hendricks "The Potential Advantage of an Egalitarian View of the Varieties of Afrikaans" in Prah (ed) *Mainstreaming Afrikaans Regional Varieties* (Centre for Advanced Studies of African Society, Cape Town 2012) at 51.

[17] Pokpas en Van Gensen id op 171. Met "onbeskaafde" Afrikaanssprekendes word swart Afrikaanssprekendes bedoel.

[18] Van Heerden n 12 hierbo op 23 met verwysing na Hendricks "The potential advantage of an egalitarian view of the varieties of Afrikaans" in Prah (uitg) *Mainstreaming Afrikaans regional varieties* (Sentrum vir Gevorderde Studies van die Afrikaanse Samelewing, Kaapstad 2012) op 51.

considerable portion of the Afrikaans language community."[19]

[11] The history of Afrikaans is multi-faceted. The establishment and existence of the language cannot be attributed to a single race. Afrikaans speakers were of different languages, races, nationalities, and social classes.[20] This black history teaches us that Afrikaans is more than just the language of "racists, oppressors and unreconstructed nationalists", but instead that it "bears the imprint of a fierce tradition of anti-imperialism, anti-colonialism, of an all-embracing humanism and anti-apartheid activism".[21]

[12] Afrikaans evolved mainly from Dutch, Malay, Portuguese, Khoi languages, and Arabic-Afrikaans.[22] When the Dutch colonialists landed at the Cape of Good Hope in 1652 and established a refreshment station there, they were compelled to interact

speakers. . . . Historically, [Afrikaans, as a body of knowledge,] bears the traces of conscious disregard and even continued suppression of a considerable portion of the Afrikaans language community."[19]

[11] Die geskiedenis van Afrikaans is veelvuldig in sy fasette. Die vestiging en bestaan van die taal kan nie bloot toegeskryf word aan een enkele rassegroep nie. Afrikaanssprekendes was afkomstig vanaf verskillende rasse, nasionaliteite en sosiale stande.[20] Hierdie swart geskiedenis dui aan dat Afrikaans meer is as bloot die taal van "rassiste, onderdrukkers en ongekorrigeerde nasionaliste", maar eerder die "indruk dra van 'n vurige tradisie van anti-imperialisme, anti-kolonialisme, van 'n alles omvattende menswees en anti-apartheid aktivisme".[21]

[12] Afrikaans het grotendeels ontwikkel vanaf Hollands, Maleis, Portugees, Khoi

[19] Van Heerden above n 12 at 23-4, citing Willemse "Considering a more multi-faceted Afrikaans" in Prah id, at 65.

[20] Van der Waal above n 12 at 449. See also Giliomee II above n 9 at 25.

[21] Willemse II above n 4 at 1 and Van Heerden above n 12 at 31, 66-7, 133.

[22] See Conradie and Groenewald above n 14 at 46. See also the theory of DC Hesseling as described in Van Heerden above n 12 at 82-3; Roberge above n 14 at 34-5; and Giliomee II above n 9 at 27.

[19] Van Heerden n 12 hierbo op 23-4 met verwysing na Willemse "Considering a more multi-faceted Afrikaans" in Prah, id op 65.

[20] Van der Waal n 12 hierbo op 449. Sien ook Giliomee II n 9 hierbo op 25.

[21] Willemse II n 4 hierbo op 1 en Van Heerden n 12 hierbo op 31, 66-7, 133.

[22] Sien Conradie en Groenewald n 14 hierbo op 46. Sien ook die teorie van DC Hesseling soos beskryf in Van Heerden n 12 hierbo op 82-3; Roberge n 14 hierbo op 34-5; en Giliomee II n 9 hierbo op 27.

with Southern Africa's first peoples, the Khoisan, particularly for purposes of trade.[23] Later, probably around the early 1700s, enslaved people from East Africa and East Asia were brought to the Cape as forced labour.[24] The colonisers forced the Khoisan people and the enslaved Eastern people to speak Dutch, thus manifesting the first roots of the Afrikaans language.[25] Afrikaans linguists all agree that the Khoisan and the enslaved people played important roles in the origins and development of Afrikaans – they only differ on whether their roles were pivotal or less substantial.[26]

[13] The Cape Muslim community, that consisted primarily of enslaved people brought to the Cape from the Indonesian

tale, en Arabiese Afrikaans.[22] Toe die Hollandse kolonialiste in 1652 by die Kaap die Goeie Hoop geland en 'n verversingstasie daar gevestig het, was hulle genoodsaak om interaksie te hê met Suider-Afrika se eerste bewoners, die Khoisan, vernaamlik ten einde handel te dryf.[23] Later, moontlik teen die vroee 1700's, is slawe vanaf Oos-Afrika en Oos-Asië na die Kaap gebring as dwang arbeid.[24] Die kolonialiste het die Khoisan mense en die Oosterse slawe gedwing om Hollands te praat, en sodoende die eerste grondlegging van Afrikaans bewerkstellig.[25] Afrikaanse letterkundiges is dit eens dat die Khoisan en die slawe belangrike rolle gespeel het in die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans – hulle verskil slegs of daardie

---

[23] Van Heerden above n 12 at 81.

[24] Roberge above n 14 at 53 and Conradie and Groenewald above n 14 at 39. The Netherlands gained control of the eastern parts of India when they conquered the Portuguese ruling there during the 1650s.

[25] Van Heerden above n 12 at 34. See also Valley and Valley "Hip Hop Masala" (2010) available at http://kaganof.com/kagablog/?s=hip+hop+masala, who state that, "Afrikaans developed as a bridging language to ease communication between the indigenous people, imported slaves and their masters."

[26] Giliomee II above n 9 at 27 and Groenewald above n 14 at 4. Scholars draw a distinction between the Philologists' school of thought and the Creolists. The former takes the view that Afrikaans developed primarily from dialectical Dutch, with minor influence from the Khoisan and the enslaved people. The latter school of thought, on the other hand, opines that the development of Afrikaans was largely due to the influence of the enslaved people and the indigenous Khoisan people.

[23] Van Heerden n 12 hierbo op 81.

[24] Roberge n 14 hierbo op 53 en Conradie en Groenewald n 14 hierbo op 39. Nederland het beheer oor die oostelike dele van Indië verkry toe hulle die regerende Portugese daar in die 1650s verslaan het.

[25] Van Heerden n 12 hierbo op 34. Sien ook Valley en Valley "Hip Hop Masala" (2010) beskikbaar by http://kaganof.com/kagablog/?s=hip+hop+masala, wat verklaar dat "Afrikaans het ontwikkel as 'n oorbruggingstaal om die kommunikasie tussen die inheemse volk, die ingevoerde slawe en hul meesters te vergemaklik".

[26] Giliomee II n 9 hierbo op 27 en Groenewald n 14 hierbo op 4. Kenners tref onderskeid tussen die Filoloë se denkrigting en die van die Kreoliste. Die eersgenoemde is van mening dat Afrikaans hoofsaaklik uit dialektiese Nederlands ontwikkel het, met geringe invloed van die Khoisan en die slawe. Die laasgenoemde denkskool is weer die mening toegedaan dat die ontwikkeling van Afrikaans grootliks te wyte was aan die invloed van die slawe en die inheemse Khoi- en San-mense.

archipelago, Bengal, the South Coast of India, Ceylon (now known as Sri Lanka) and the East Coast of Africa (including Madagascar), adopted Afrikaans as their first language during the 1830s.[27] This form of Afrikaans was presented in Arabic text and was recognised as Arabic-Afrikaans.[28] Recently, the role that Arabic played in the development of Afrikaans has been recognised.[29]

[14] Arabic-Afrikaans was predominantly used in religious contexts (the Islamic Cape Muslim community studied the Qur'an that was written in Arabic).[30] One of the first writings in Afrikaans emanated in 1860 from a Cape Town madrasah,[31] where a descendant of enslaved people copied a

rolle deurslaggewend of bloot minder omvattend was.[26]

[13] Die Kaapse Moslemgemeenskap, wat grootliks bestaan het uit slawe wat na die Kaap gebring is vanaf die Indiese eilandgroep, Bengalie, die Suidkus van Indië, Ceylon (tans bekend as Sri Lanka) en die Ooskus van Afrika (insluitende Madagaskar), het Afrikaans aangeneem as hul eerste taal gedurende die 1830s.[27] Hierdie vorm van Afrikaans is voorgehou in Arabiese teks en is erken as Arabiese Afrikaans.[28] Die rol wat Arabies in die ontwikkeling van Afrikaans vervul het, het onlangs erkenning ontvang.[29]

[14] Arabiese Afrikaans is oorheersend gebesig binne godsdienstige raamwerke (die

---

[27] Groenewald above n 14 at 4. It is pointed out that, as long ago as 1897, Hesseling – widely recognised as the founder of the history of Afrikaans linguistics – alluded to the pivotal role that enslaved people played in the development of Afrikaans.

[28] In 1951, Van Selms discovered the role that Arabic played in the development of Afrikaans. See Davids and Willemse *The Afrikaans of the Cape Muslims* (Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans, Bellville 2018) (Davids and Willemse) at 11.

[29] Id. The authors opine that the reason why the Arabic influence was only discovered in the mid-20th century was the lack of Afrikaans students and academia who could read and understand Arabic.

[30] Conradie and Groenewald above n 14 at 52 and Davids and Willemse above n 28 at 11-3, 16.

[31] A madrasah is an Islamic educational institution.

[27] Groenewald n 14 hierbo op 4. Dit word daarop gewys dat Hesseling, wat al sedert 1897 algemeen erken word as die stigter van die geskiedenis van die Afrikaanse taalkunde, verwys het na die deurslaggewende rol wat slawe in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

[28] In 1951 ontdek Van Selms die rol wat Arabies in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het; sien Davids en Willemse "The Afrikaans of the Cape Muslims" (Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans, Bellville 2018) (Davids en Willemse) op 11.

[29] Id. Die skrywers is van mening dat die rede waarom die Arabiese invloed eers in die middel van die 20ste eeu ontdek is, te wyte is aan die gebrek aan Afrikaanse studente en akademici wat Arabies kon lees en verstaan.

[30] Conradie en Groenewald n 14 hierbo op 52 en Davids en Willemse n 28 hierbo op 11-3, 16.

[31] 'n Madrassa is 'n Islamitiese opvoedkundige instelling.

prayer in his exercise book.[32] That prayer, in Arabic script, closely resembles modern day Afrikaans.[33] One of the oldest Afrikaans books was authored prior to 1867 by Abubaker Effendi and was titled Bayān al-Din.[34] This guidebook to Islam was written in Arabic-Afrikaans, a language that was the bearer of intimate thoughts and religion of the literate Cape Muslim community.[35]

[15] Van Heerden notes that the contribution of Arabic-Afrikaans occurred before the time that Afrikaans was appropriated as a "white" language:

> "Before the appropriation of the creole language Afrikaans by 'patriotic male European colonists' during the late nineteenth century, 'men introduced the creole language into the public sphere' via '[t]he first book in Afrikaans . . . written

[32] Willemse II above n 4 at 1.

[33] Id at 1-3. Willemse mentions that an even earlier madrasah exercise book, dating back to 1806, was discovered by the writer Davids, in his path-breaking *The Afrikaans of the Cape Muslims* (above n 28). That would be the earliest known writing in Afrikaans.

[34] Willemse II above n 4 at 3.

[35] Id.

[36] Van Heerden above n 12 at 35, citing Shell *Children of Bondage: A Social History of the Slave Society at the Cape of Good Hope* (University Press of New England, Hanover 1994).

Islamitiese Kaapse Moslem gemeenskap het die Koran bestudeer wat in Arabies geskryf is).[30] Een van die eerste Afrikaanse geskrifte het in 1860 ontspruit by 'n madrassa in Kaapstad,[31] waar 'n afstammeling van slawe 'n gebed in sy skryfboek afgeskryf het.[32] Daardie gebed, in Arabiese skrif, het 'n nabye ooreenkoms met hedendaagse Afrikaans.[33] Een van die oudste Afrikaanse boeke is geskryf voor 1867 deur Abubaker Effendi met die titel van Bayan al-Din.[34] Hierdie handleiding oor Islam is geskryf in Arabiese Afrikaans, 'n taal wat die draer was van die intieme gedagtes en godsdiens van die geletterde Kaapse Moslem gemeenskap.[35]

[15] Van Heerden dui aan dat die bydrae van Arabiese Afrikaans plaasgevind het voordat Afrikaans toege-eien is as 'n wit taal:

[32] Willemse II n 4 hierbo op 1

[33] Id op 1-3. Willemse noem dat 'n selfs ouer madrassa-oefenboek deur die skrywer Davids ontdek is, in sy baanbrekerswerk *The Afrikaans of the Cape Muslims* (n 28 hierbo). Dit sou dus die oudste Afrikaanse geskrif wees.

[34] Willemse II n 4 hierbo op 3.

[35] Id.

[36] Van Heerden n 12 hierbo op 35, met aanhaling van Shell *Children of bondage: A social history of the slave society at the Cape of Good Hope* (University Press of New England, Hanover 1994).

by an imam, a slave descendant'. However, '[slave] owners would later adopt [Afrikaans]. . . and call it their own'."[36]

Further, Van Heerden notes that:

"The literature first also came from the black community. If we go back to the early Muslim scholars in the Cape, the teachers, who taught at the madrassas. This is where Afrikaans, written with Arabic script, first emerged. It's long before the Bible. The Bible is translated in the second decade of the 1900s. We're talking now about the last decade of the 1700s, and the first two decades of the 1800s, is where Islamic scholars, teachers, are teaching the children in Afrikaans, in phonetic Afrikaans, using Arabic script."[37]

[16] By 1870, the mixture of languages in the Cape was recognised as a distinct language – Afrikaans.[38] It is reported that by the end of the 19th century, Afrikaans, as a written medium, experienced a decline.[39] As a spoken language, it suffered against the

[37] Van Heerden id at 114.

[38] Id at 5.

[39] Giliomee II above n 9 at 29.

[40] Id.

"Before the appropriation of the creole language Afrikaans by 'patriotic male European colonists' during the late nineteenth century, 'men introduced the creole language into the public sphere' via '[t]he first book in Afrikaans. . . written by an imam, a slave descendant'. However, '[slave] owners would later adopt [Afrikaans]. . . and call it their own".

Van Heerden dui verder aan dat:

"The literature first also came from the black community. If we go back to the early Muslim scholars in the Cape, the teachers, who taught at the madrassas. This is where Afrikaans, written with Arabic script, first emerged. It's long before the Bible. The Bible is translated in the second decade of the 1900s. We're talking now about the last decade of the 1700s, and the first two decades of the 1800s, is where Islamic scholars, teachers, are teaching the children in Afrikaans, in phonetic Afrikaans, using Arabic script."[37]

[37] Van Heerden id op 114.

[38] Id op 5.

[39] Giliomee II n 9 hierbo op 29.

[40] Id.

dominance of English and Dutch.[40] Following the South African War of 1899-1902 (Anglo-Boer War), Britain colonised the remainder of South Africa (the Orange Free State and Transvaal were Afrikaner Republics with Dutch as the official language), and English was introduced as the official language.[41] In 1909, Dutch and English were recognised by the South Africa Act[42] as languages of equal force.[43] The struggle to replace Dutch with Afrikaans ensued in the 20th century. At the forefront was an obscure attorney and poet who contributed immensely to the development of Afrikaans literature and cultural history, CJ Langenhoven, referred to earlier.[44] However, as Giliomee notes, Langenhoven erred grievously when he described Afrikaans as a "white man's language".[45]

[17] During the twentieth century, activists of Afrikaans used the National Party (NP) as its vehicle to drive their cause.[46] Most activists, like

[16] Teen 1870 is die mengsel van tale in die Kaap erken as 'n aparte taal - Afrikaans.[38] Daar is opgeteken dat Afrikaans teen die einde van die $19^{de}$ eeu agteruit gegaan het.[39] Afrikaans as voertaal het gely onder die oorheersing van Engels en Hollands.[40] Na die Suid-Afrikaanse oorlog vanaf 1899 tot 1902 (Anglo-Boere oorlog), het Brittanje die res van Suid-Afrika gekolonialiseer (die Oranje Vrystaat en Transvaal was Afrikaner republieke met Hollands as die amptelike taal) en Engels is ingestel as die amptelike taal.[41] In 1909 is Hollands en Engels deur die Suid-Afrika Wet[42] erken as gelykwigtige tale.[43] Die strewe na die vervanging van Hollands met Afrikaans het 'n aanvang geneem gedurende die 20ste eeu. Aan die voorgrond was 'n onbekende prokureur en digter wat beduidend bygedra het tot die ontwikkeling van Afrikaanse letterkunde en kulturele geskiedenis, CJ Langenhoven, na wie vroeër verwys is.[44] Maar, soos Giliomee aanteken, Langenhoven het gruwelik gefouteer toe hy Afrikaans beskryf het as die "witman se taal".[45]

[41] Id.
[42] South Africa Act, 1909.
[43] Id at section 137.
[44] Giliomee II above n 9 at 34.
[45] Id at 35.
[46] Id at 36.

[41] Id.
[42] Suid-Afrika Wet, 1909.
[43] Id in artikel 137.
[44] Giliomee II n 9 hierbo op 34.
[45] Id op 35.
[46] Id op 36.

Langenhoven, chose to fight the battle for Afrikaans under the "white" flag and they established a racial community whose struggle for the advancement of Afrikaans was subordinate to the entrenchment of white supremacy, instead of forming a language community whose social identity was shaped by the struggle for the acceptance of Afrikaans as a public language enjoying similar status as English.[47] Giliomee considered the consequences of this thinking, stating as follows:

> "[T]he salience of race had to diminish and the creed 'Die taal is gans die volk' (the language constitutes the entire people), which activists often cited, had to be made a reality across racial boundaries."[48]

[18] The NP pursued a racially motivated agenda that eventually led to the "historic exclusivity of the Afrikaners, their culture and their language"[49] and the stance against Afrikaans by the black citizens of our country. Afrikaans became the language of the oppressor: "the medium used when white policemen arrested [b]lack pass offenders or

[47] Id.

[48] Id.

[49] Id at 39.

[17] Gedurende die twintigste eeu, het Afrikaanse aktiviste die Nasionale Party (NP) aangewend as die middel om hul saak te bedryf.[46] Die meeste aktiviste, soos Langenhoven, het verkies om die stryd vir Afrikaans te voer onder die "wit" vlag. In navolging daarvan het hulle 'n rassegemeenskap gevestig wie se stryd vir die bevordering van Afrikaans ondergeskik was aan die vestiging van wit oorheersing, instede daarvan om 'n taalgemeenskap te stig wie se maatskaplike identiteit gevorm is deur die stryd vir die aanvaarding van Afrikaans as 'n openbare taal met soortgelyke status as Engels.[47] Giliomee het die nagevolge van hierdie gesindheid oorweeg, en die volgende gesê:

> "[T]he salience of race had to diminish and the creed 'Die taal is gans die volk' (the language constitutes the entire people), which activists often cited, had to be made a reality across racial boundaries."[48]

[18] Die NP het 'n rasgemotiveerde agenda bedryf wat uiteindelik aanleiding

[47] Id.

[48] Id.

[49] Id op 39.

when white civil servants ordered [black people] or 'coloured' people out of their houses in racially mixed slum areas".[50] Afrikaans was forced upon the black community who strongly resisted and, sadly, the exclusive "white" history replaced the forgotten "black" history of our language.

[19] It bears emphasis that, to simplistically style Afrikaans as having a one-dimensional history and existence as "the language of the whites", and as "the language of the oppressor", is entirely misconceived and flies in the face of the true history of its origins and development sketched above. As Valley and Valley explain:

> "[W]hile [b]lack students in Soweto were protesting against the use of Afrikaans as the language of instruction, Afrikaans-speaking 'coloured' youth joined in the fight against the government, and used their Afrikaans to mobilise communities to fight against the injustices of the day. Members of the UDF, Ashley Kriel, Allan Boesak and Cheryl Carolus come to mind as some of the youth who were at the forefront of resistance politics

[50] Id at 42.

gegee het tot die "geskiedkundige eksklusiwiteit van die Afrikaners, hul kultuur en hul taal"[49] en die standpunt teen Afrikaans wat deur ons land se swart burgers ingeneem is. Afrikaans het die onderdrukker se taal geword: "die medium wat gebruik is wanneer wit polisiemanne swart pas oortreders gearresteer het, of wanneer wit staatsamptenare [swart mense] of 'gekleurde' mense gelas het om hul huise te verlaat in ras vermengde krotbuurtes".[50] Afrikaans was afgeforseer op die swart gemeenskap wat dit sterk teengestaan het en, betreurenswaardig, het die eksklusiewe "wit" geskiedenis die vergete "swart" geskiedenis van die taal vervang.

[19] Dit moet beklemtoon word dat die vereenvoudigde aantekening van Afrikaans se een-dimensionele geskiedenis en bestaan as "die taal van die witmense" en "die taal van die onderdrukker", geheel en al gegrond is op 'n wanvoorligting wat indruis teen die ware geskiedenis van die taal se oorsprong en ontwikkeling soos voorheen aangestip. Soos Valley en Valley verduidelik:

> "[W]hile black students in Soweto were protesting against the use of Afrikaans as the language of

[50] Id op 42.

in Cape Town in the 1970s and '80s."[51]

[20] Afrikaans was undeniably employed as a tool of oppression – it is part of our very painful past. As Gasnolar emphasises: "Afrikaans has a painful history in our country, and was used by the apartheid regime to degrade millions, and that past cannot simply be ignored."[52] But its history is far more multifaceted and nuanced than that. Valkhoff explains that "[i]t is not always *either* one thing *or* another in the evolution of such a delicate social phenomenon as speech or language".[53] And as Roberge rightly concludes:

> "In the history of Afrikaans it was not always Dutch *or* substratum grammar, but three linguistic traditions – European, African (Khoikhoi), and Asian – that have met and converged with one another to produce a new whole that is truly more than the sum of its parts."[54]

instruction, Afrikaans-speaking 'coloured' youth joined in the fight against the government, and used their Afrikaans to mobilise communities to fight against the injustices of the day. Members of the UDF, Ashley Kriel, Allan Boesak and Cheryl Carolus, come to mind as some of the youth who were at the forefront of resistance politics in Cape Town in the 1970s and '80s."[51]

[20] Afrikaans is ongetwyfeld aangewend as 'n instrument van onderdrukking – dit is deel van ons pynlike verlede. Soos Gasnolar benadruk: "Afrikaans het 'n pynlike verlede in ons land, en was aangewend deur die apartheid regime om miljoene mense te verneder, en daardie verlede kan nie net bloot ignoreer word nie".[52] Maar die taal se geskiedenis is baie meer veelledig en genuanseerd as dit. Valkhoff verduidelik dat "[d]it is nie altyd bloot die een of die ander aspek in die ewolusie van 'n delikate

[51] As cited by Van Heerden above n 12 at 85.

[52] Gasnolar "Afrikaans has a Painful History and was Used to Degrade Millions" (19 November 2015) available at http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2015-11-19-afrikaans-has-a-painful-history-and-was-used-to-degrade-millions/#.VzXkl5FcRBe.

[53] Valkhoff *Studies in Portuguese and Creole, with Special Reference to South Africa* (Witwatersrand University Press, Johannesburg 1966) at 231.

[54] Roberge above n 14 at 87.

[51] Soos aangehaal deur Van Heerden n 12 hierbo op 85.

[52] Gasnolar "Afrikaans has a painful history and was used to degrade millions" (19 November 2015) beskikbaar by http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2015-11-19-afrikaans-has-a-painful-history-and-was-used-to-degrade-millions/#.VzXkl5FcRBe.

[53] Valkhoff *Studies in Portuguese and creole, with special reference to South Africa* (Witwatersrand University Press, Johannesburg 1966) op 231.

[54] Roberge, n 14 hierbo op 87.

[21] While Afrikaans originated out of oppression and continued to be a tool of oppression, its subsequent development into a heterogeneous, "rainbow"[55] language, spoken today by more black people than white people, is a marvellous paradox of human ingenuity and creativity. Recognising the major role played by lowly indigenous peoples and enslaved people in its history and development is crucial. The misconception that it is "the language of whites" and "the language of the oppressor" is an iniquitous portrayal of the language and its true roots. It bears repetition that today, Afrikaans is spoken predominantly by black people. And it is spoken by black people in not only so-called "coloured" townships, but also in many African townships in several regions in this country. It is the language of prince and pauper alike, existing comfortably in academia and the professions on the one hand, and in every-day parlance on the other.

[22] It is apt to follow the example of Froneman J in *University of the Free State*, by borrowing from the world-renowned South African-born fantasy novelist

[55] To borrow from Sachs J in *Gauteng Provincial Legislature* above n 11.

maatskaplike verskynsel soos spraak of taal nie".[53] En soos Roberge tereg opmerk:

> "In the history of Afrikaans it was not always Dutch or substratum grammar, but three linguistic traditions - European, African (Khoikhoi), and Asian - that have met and converged with one another to produce a new whole that is truly more than the sum of its parts."[54]

